

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
Ds. J. van der Linden, Johannesburg
jopie1976@gmail.com

Oktober 2010 Nummer 98

INHOUDS OPGAWE

Het mense volgens die
Skrif regte? ...1

Volmaak ...3

Waar God sy Naam laat
gedenk - II ...4

HET MENSE VOLGENS DIE SKRIF REGTE?

Ds E Viljoen

Algemene spreektaal

Menseregte kan sonder veel teëspraak daarop aanspraak maak om die mees oorheersende etiese onderwerp te wees aan die begin van die 21^{ste} eeu. Dit is die saak waar rondom wetgewers, regeerders en teoretici gedurig weer met mekaar vergader, of hulle altyd met mekaar saamstem, al dan nie. Respek vir menseregte is die taal wat in die internasionale gemeenskap verstaan en gebruik word. Selfs in lande waar menseregte geensins konstruktief funksioneer nie (dink maar aan Mugabe se Zimbabwe!), bly dit deel van die retoriek van elke dag.

Dwars oor kulturele verskille (van Oos tot Wes) en selfs godsdienstige groeperings (van Buddis tot Moslem en Judaïs), het die taal van menseregte verstaanbaar vir almal geword. Regte het die *lingua franca* van byna alle etiese besinning geword. Daar sal nie meer gesê word dat ons vir diere goeie sorg moet gee nie, eerder word sommer regstreeks gepraat van diere-regte! Ons kom soms uitsprake teë wat praat van die regte van bome, die mens se fundamentele reg om voort te plant en net meer as tien jaar gelede moes ons van die destydse Britse premier Tony Blair (in alle erns!) hoor van die fundamentele (sic!) reg wat elke mens het om sy eie vakansiebestemming te mag kies!

Ongemak

Christene neig om oor die algemeen ongemaklik te voel met die met die tendense van die afgelope dekades. Vrae word gevra soos: “Is dit nie inherent selfsugtig om altyd weer te appelleer op my regte nie?”, “Leer Christus ons nie juis navolging van Hom in selfverloëning nie?”

Enige gesprek oor menseregte is veel meer gekompliseer as wat dikwels aanvaar word. Nie

almal praat altyd van dieselfde saak wanneer die woord “menseregte” gebruik word nie. Nie elkeen wat dieselfde sê, bedoel ook dieselfde nie! Die taal van menseregte word in verskillende gesprekke gebruik, soos bv. wetgewende, politiese, juridiese of etiese kontekste. Die regter en die politikus bedoel nie noodwendig dieselfde wanneer hulle van regte praat nie. Maak die teoloog ook deel van die gesprek en dit word nog net meer moeilik om nie verby mekaar te kommunikeer nie.

Aanvaar of verwerp?

Die uitdaging waarmee Christene in die samelewing gekonfronteer word, is nie in die eerste plek die vraag of die steeds groeiende regte-woordgebruik aanvaar of verwerp moet word nie. Dit is my uitgangspunt dat ons nie hoef te kies tussen klakkelose aanvaarding of totale verwerping nie. As kerk van Christus het ons ook as volledige deelnemers aan die openbare lewe in die samelewing, eerder die roeping om te werk aan die ontwikkeling van ’n aanvaarbare konsep van regte. Só ’n konsep moet deeglik herkenbaar wees as deel van die openbare debat oor regte. Tegelyk moet dit deeglik en genoegsaam onderskei kan word van ander vreemde konsepte van regte om ’n *eie* identiteit te verwoord en ’n *eie* bydrae aan die openbare gesprek te maak.

Die woord “reg” beskryf dus bloot die omstandighede waaronder almal gesamentlik as volk van die Here, die beste af sal wees

Om van my kant ’n eerste bydrae te probeer lewer aan die besinning oor die invulling van ’n bruikbare en diensbare begrip van regte, wil ek in die res van hierdie kort artikel slegs aandag gee aan vergelykbare begrippe soos wat dit in die Ou Testament voorkom. So hoop ek om aan ons konsep van regte invulling te kan gee.

“Regte” in die Ou Testament

Net soos ander antieke regsisteme, bestaan daar nie in die Hebreeuse taal ’n woord wat regstreeks

ooreenkom met die begrip regte soos wat dit in ’n hedendaagse konteks funksioneer nie.

Die woord “regsaak” (Hebr: *dîn*) kom baie naby aan die begrip regte soos ons dit vandag ken. Koning Lemuel word aangemoedig om op te kom vir die “regsaak” (Spr. 31:8) van die stomme en die wat wegwyn. Jeremia kritiseer die volk wat nie pleit vir die regsaak van die wees nie. Hulle verskaf nie reg nie, selfs nie die reg van die wees nie! Hulle handhaaf nie die reg van die behoeftige nie (Jer. 5:28). Hier is sprake van ’n duidelike juridiese reg wat gehandhaaf en beskerm moet word.

Die woord wat in die Ou Testament die meeste gebruik word vir die regte wat ons op die oog het, is “reg / geregtigheid/regverdig” (Hebr: *mishpat*). Die woord word vir ’n wye reeks betekenis gebruik. Van praktiese regspraak tot abstrakte reg, tot wetgewing, regsbesluite en –uitsprake en iemand (veral die Here) se getrouheid. Hierdie “reg” word dan ook baie dikwels verbind aan spesifieke kategorieë van mense, bv. die reg van dogters of van konings of van die wees en die weduwee. Dit is belangrik om by te voeg dat die woord dan *altyd* in die enkelvoud gebruik word en dus nie kan funksioneer vir sommer algemene “regte” van ’n bepaalde kategorie mense nie. ’n Baie korrekte weergawe van die frase kan dan ook telkens wees: “die wet met betrekking tot...” of “die wet van...”.

Geen “onvervreembare” reg nie!

Verder is dit uitsonderlik dat daar ’n objek saam met die woord “reg” (*mishpat*) gebruik word. Ons vind dus byna nooit dit wat ons sal ken in vandag se menseregtekultuur nie, t.w. die uitdrukking soos “reg op lewe” of “reg op eiendom” of “reg op voedsel”. Daar is blykbaar slegs drie voorbeelde van sulke objekte wat wel saam met “reg” gebruik word. Ons dink hier aan die reg van “eersgeboorte”, “(ver)lossing” en “besit” (vgl. Deut 21:17; Jer 32:7; Jer 32:8). Dit is telkens uit die konteks van die teksgedeeltes duidelik dat die “reg” hier geen hefboom is waarmee beheer en mag oor ander uitgeoefen word nie. Dit het elke keer te doen met goddelike opdragte en afsprake wat ’n bepaalde kategorie mense bevoordeel of beskerm.

Die kerk wat nie vandag aandag gee aan die Christelike leer nie, sal môre geen evangelie hê om te verkondig nie

- RB Kuiper

“Wees dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is.”
Matteus 5:48

Die Bybel vra niks minder van ons nie as dat ons volmaak moet wees. In die bergrede sê Jesus: *“Wees dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is”* (Matteus 5:48).

Dit is duidelik dat dit ’n absolute uitspraak is. Die uitspraak kan nie anders geïnterpreteer of omseil word nie. God stel met hierdie uitspraak ’n radikale eis aan ons.

Ons moet onself dus afvra wat bedoel word met die eis: *“wees dan volmaak”*. Beteken *“volmaak”* dieselfde as sondeloos? Beteken *“wees volmaak”* dat ’n mens perfek moet wees?

Wanneer ons liefhet sonder beperkings, het ons volmaak lief. So is God volmaak.

In beide gevalle is die antwoord: Nee. In die taal van die Bybel beteken die woord *“volmaak”* die volgende: om heel te wees, om onverdeel te wees, om in totaliteit te wees, sonder voorbehoude en konsekwent (altyd dieselfde).

God is die volmaakte God. God is in sy verhouding teenoor die mens heel, onverdeel, totaal, sonder voorbehoude en konsekwent. Ons moet die uitspraak van Jesus, wanneer Hy sê dat ons volmaak moet wees soos wat ons hemelse Vader volmaak is, nie in isolasie lees nie. Net voor hierdie vers (48) sê Jesus dat God sy son laat opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor die wat reg doen en oor die wat verkeerd doen (Matteus 5:45). God trek nie grense vir sy goedheid nie. God steek nie halfpad vas met sy goedheid nie. Juis dit is sy volmaaktheid.

Omdat God volmaak is, moet ons en mag ons dit ook wees. In dieselfde verband sê Jesus dat ons ons vyande moet liefhê en moet bid vir die wat ons vervolg (Matteus 5:44). Want, sê Jesus: *“as jy net*

Om ’n *“reg”* te hê beteken dus dat jy slegs voordeel trek uit die verpligting wat die een mens teenoor die ander het. Wanneer die Here se Wet gehoorsaam word, ontvang mense sekere *“regte”* of te wel *“voordele”* of *“nut”* uit die ander se gehoorsaamheid. ’n Reg as ’n wetlike en wettige gesag oor iemand anders se optrede bestaan byna nie in ’n Ou Testamentiese konteks nie. Let byvoorbeeld op Jeremia se beskrywing van die lossingsreg. Hier moet in ag geneem word die mate waarin die *“losser”* vry was om die reg oor die eiendom uit te oefen al dan nie.

Kortom: reg kan die beste verstaan word as *“dit wat regverdig is”* vir ’n persoon of *“dit wat behoort te wees”*. Die woord *“reg”* beskryf dus bloot die omstandighede waaronder almal gesamentlik as volk van die Here, die beste af sal wees. Vir die spesifieke individu kon dit beide voordelige, maar ook nadelige aspekte gehad het. As dit die beste is dat jy byvoorbeeld in die Jubeljaar jou broer se skulde kwytsteld, ly jy op die oog nogal verlies. En tog was dit die uitoefening van die reg! Die reg van die Ou Testament het dus duidelik oog vir dit wat bevorderlik is vir die gemeenskaplike belang van die (geloofs)gemeenskap. Wanneer ons met 21^{ste} eeu se oë kyk na die Ou Testament, sou ons dus wel bepaalde *“regte”* kon identifiseer wat implikasies vir individue sal hê. Tog is die leef-en denkwêreld van die Ou Testament glad nie so gerig op die voordeel van die individu soos ons tydsgees dikwels wil dikteer nie.

Slot

Graag sou ek in ’n opvolgartikel die Nuwe Testament ook ter sprake wil bring. Dit behoort in elk geval nou reeds duidelik te wees dat ons nie hoef bang te wees om die taal van reg en geregtigheid te gebruik nie. Dit sou heeltemal moontlik wees om sonder angstigheid deel te neem aan die hedendaagse gesprek in die openbare sfeer oor die regte van mense. Die uitdaging is om die invulling vanuit die doelstellings en horisonne van die Skrif self konkreet te maak. Hieroor ’n volgende keer meer.

Ons eie harte is die oorlogsterrein waar die by verre die hewigste gevegte met die bose moet plaasvind

- R Wallace

hulle liefhet, wat vir jou lief is, watter loon kan jy nog verwag?” En “as julle net julle broers groet, wat doen julle meer as die ander?” (Matteus 5:46-47). Wanneer ons net liefhet tot op ’n sekere punt of binne bepaalde grense is ons nie volmaak in ons liefde nie. Wanneer ons liefhet sonder beperkings, het ons volmaak lief. So is God volmaak. So word ons dus ook geroep om volmaak te wees.

Ons kan nou sien dat die groot struikelblok in ons lewens juis hier lê. Ons trek elke keer grense. Ons het elke keer voorbehoude. Ons bly elke keer halfpad vassteek in ons diens tot God en in ons liefde tot ons naaste.

Ons vertoon telkemale die beeld van die Galliese koning in die tyd dat die evangelie in Europa versprei het. Die evangelie is ook in sy gebied verkondig. Hy het onder die invloed van die evangelie gekom en wou hom laat doop. Hy het heeltemal in die water ingegaan, maar het sy swaard bo sy kop gehou. Hy wou nie sy swaard laat doop nie. Hy wou die swaard in eie hande hou. God moes nie seggenskap oor sy swaard hê nie.

Die koning wou ’n Christen wees, maar hy wou nie volmaak wees nie. Hy het geweier om ’n konsekwente Christen te wees. Hy wou Christen wees met voorbehoude. Hy was verdeeld in sy Christenskap.

Ons word opgeroep om volmaak te wees. Teenoor God en teenoor die mense rondom ons. Dit beteken dus: Ons word opgeroep om ons gedeeldheid en ons voorbehoude te laat vaar. Teenoor God en teenoor die mense rondom ons. Dit is net op een manier moontlik: wanneer ons ons oog hou op God wat volmaak is. God is in sy verhouding teenoor ons onverdeeld en sonder voorbehoude. Dit het Jesus vir ons duidelik gewys, eens en vir altyd. Wanneer ons daarop begin let, sal ons leer om ons verdeeldheid en voorbehoude te laat staan. Dan word ook ons swaard gedoop! Dan leer ons hoe om volmaak te wees, soos wat God self volmaak is.

WAAR GOD SY NAAM LAAT GEDENK – II

J Smelik

Vorige keer het ons gesien dat die ‘gedenk’ van God se daade sentraal is vir die verstaan van die erediens. Hierdie keer wil ons sien wat dit beteken vir die styl en die praktyk van ons eredienste.

Styl

Hoe aanbid jy God in die erediens? Hoe eer ons Hom? Uit die manier waarop ’n mens God eer, uit jou houding, styl en gesindheid, blyk dit hoe jy jou verhouding met God sien. Jy gee vorm aan die beeld wat jy van jou verhouding met God het. Jy kan jou byvoorbeeld laat lei deur die Vader-kind verwantskap. Daardie verhouding bestaan inderdaad. Ons mag God Vader noem. Ons mag ‘Abba, Pappa’ sê en vertroulik met Hom omgaan. Ook in die erediens. Jy mag maak of jy tuis is, want jy is tuis.

So ’n verhouding kan egter nooit lei tot ’n styl of houding van familiariteit nie. So asof God my maatjie is, nie. Want Vader is tegelyk Koning, Skepper en Herskepper. God het ’n *vertroulike* omgang met die wat Hom *vrees*. Met ‘vrees’ verstaan ons dan diegene wat Hom ken, ’n heilige ontsag vir Hom en sy daade het.

Aanbidding doen ’n mens altyd in die styl wat aansluit by ons belydenis: *‘Ek glo in God die Vader, die Almagtige, Skepper van hemel en aarde’*. Aanbidding word nie gedoen op die manier waarop ons byvoorbeeld ’n verjaarsdag of ander fees sou vier nie. Dit sou te gewoon, platvloers, selfs onheilig wees. En Hy het immers gesê: *‘Wees heilig, want Ek is heilig’*.

Die peil waarop die erediens moet verloop is ondubbelsinnig uitgespel in die Ou Testament. Die respek, die verootmoediging en die manier waarop die volk Israel die berg Sinai moes nader, is vir die Nuwe-Testamentiese kerk ’n liggende voorbeeld.

Mense wat hiervan so sê: ‘Ag, dit is maar net Ou

Sukses is om teverede te wees in die Here

- W Oord

Testamenties’, is reg. In die Nuwe Testament is die gebod tot verootmoediging en heiligheid des te meer indringend. Ons nader immers nie meer tot tasbare en brandende vure, tot donkerheid en duisternis en stormwind, waarvoor Moses gebeef het, nie. Nee, ons het genader tot die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tienduizende engele, by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes (Hebreërs 12: 18- 24).

In die eredienste wat op aarde gehou word, ken die kerk sy verbintenis met die hemelse liturgie. Hierdie hemelse liturgie sal vir ons rigting gee en help om die regte houding te bepaal. Dit sal ook rigting gee aan ons vormgewing van die diens. Daarom moet ons dankbaar wees dat ons ’n onwankelbare koninkryk ontvang, en God welbehaaglik dien met eerbied en vrees (Hebreërs 12:28). In die woorde van die Ou Testament: *‘Loof Hom oor sy magtige dade, loof Hom na die volheid van sy grootheid’* (Psalm 150:2).

Mense wat hiervan so sê: ‘Ag, dit is maar net Ou Testamenties’, is reg. In die Nuwe Testament is die gebod tot verootmoediging en heiligheid des te meer indringend.

As opsomming, wat die styl van die aanbidding betref, moet God hom nie aanpas aan ons modegrille – vir solank dit duur – net omdat dit ons laat goed voel nie. Die kerk moet haar aanpas na die vlak waarop God geëer wil word, en in die verlede geëer is deur die algemene kerk. Dit sal ook rigting gee aan sake soos bv. ons taalgebruik, musiekstyl en ons liggaamshouding in die erediens.

Alle Bybelse argumente wat tot dusver genoem is, is m.i. die fondament van die erediens. Dit is kosbare medikasie teen al die egosentriese verbruikersgedrag wat deesdae ons samelewing teister. Ek dink dit is nodig om daarop te wys hoe hierdie idees steeds meer gevare begin inhou vir die kerklike lewe. Ons sal dit begin sien in al die dinge wat van groot betekenis is, byvoorbeeld ons

eredienste. Ons eredienste sal weerloos word as dit sou afhang van die vraag of iets vir ons lekker is of nie. Anders gesê: Ons praat van ‘erediens’ waarin ons - soos die woord sê – God wil dien deur Hom te eer en te aanbid. Maar die gevaar is uiters groot dat in die praktyk ander doelwitte vir ons belangriker is: Ons moet iets uitkry, kan saamneem – asof ons in ’n tipe supermark is. En sou ons niks of min kon saamneem wat ons graag wil hê, dan is ons sommer baie omgekrap!

’n Mens kan onmoontlik die algemene Christelike kerk bely en jou dan niks verder steur aan die vorm en styl van erediens wat die kerk deur die eeue gebruik het om haar God te vereer, nie. Tog lyk dit deesdae of dit baie minder belangrik is as die vraag hoe ons die kerkdien vir buitekerklikes aantrekliker kan maak. Baie mense is bereid om baie van ons erfenis daarvoor weg te gooi. Dink maar net hoe daar na die kerklied gekyk word. In plaas daarvan dat ons die lof van die kerk van alle eeue offer aan God, offer ons deel van die kerk se identiteit op. En as dan boonop ook nog demokratiese beginsels begin gebruik om te bepaal wat ons doen of nalaat in die erediens, dan is die ware erediens inderdaad baie weerloos.

Ek het reeds van ons samelewing gepraat. Soos algemeen bekend, word in ons hedendaagse kultuur aan verstandelike kennis groot waarde toegeken. In hierdie verband wil ek graag wys op die gedagte wat hier en daar gehoor word, dat jy altyd in die erediens iets moet *leer*. En op sig is dit waar dat God se Woord ook in die erediens verklaar word, en daar dus iets geleer word.

Maar dit is ’n ander vraag of verstandelike kennis die einddoel van die erediens is. Dit is vir die erediens nie van primêre belang dat ’n mens verstandelike vermoëns het nie, maar dat die mens geskape is as beeld van God, om die skepping voor te gaan in lofprysing.

Die mens kan God antwoord deur sy woorde op die lippe te neem, sy dade te verkondig, Hom in gebed te bely, te loof en te aanbid. Die mens het die verstandelike vermoëns gekry as ’n middel om daardie doel te bereik. Dieselfde geld ook vir sy kreatiewe aktiwiteite.

’n Heilige oorlog is beter as die vrede van ’n duiwelse paleis

- M Henry

In elke goeie erediens word die hele mens betrek, en nie slegs sy verstand nie. In 'n kerkdiens gebeur iets anders as net die blote oordra van intellektuele kennis. Die gebruik van opleidings-hulpmiddels soos oorhoofse-projektors versterk en benadruk juis die kerkdiens as 'n kognitiewe leerbyeenkoms, of word in elk geval daarmee geassosieer.

'n Erediens is wesenlik iets anders as 'n byeenkoms van 'n Bybelstudiegroep. Versterking in geloof beteken meer as net toename in verstandelike Bybelkennis.

In die erediens gaan dit om God en sy daade te 'ken'. Die woord 'ken' moet hier in sy Bybelse betekenis verstaan word. Om God te 'ken' is om God te 'vrees', want die vrees van die Here is die beginsel van die kennis (Spreuke 1:7). 'Ken' is om God se daade raak te sien, na sy woorde te luister, om God as Skepper en Verlosser te erken en Hom lief te hê (Hosea 6:6) en om 'n hegte verhouding met Hom te hê. Dit is dus duidelik dat nie net jou brein hierby betrokke is nie, maar jou hele doen en late. Met 'ken' word dieselfde 'ken' bedoel as dit wat jy in 'n goeie huwelik tussen man en vrou sou aantref. Net soos 'n verstandshuwelik ver van optimaal is, net so min sou dit by Christus en sy gemeente so wees.

Huidige Praktiek

Wanneer ons nou alles waaroor ons besin het in terme van die liturgie sien, dan ontdek ons dat die mens nie alleen as 'n 'deur Christus verlose' in die erediens verskyn nie. Hy kom saam met God se volk. Die gemeente kom saam in die erediens. In hierdie verband het ek in my omskrywing van liturgie die begrip 'gemeentebou' opgeneem.

Uiteraard is een van die doelwitte van die erediens dat individuele gelowiges gestig word. Uit die eerste brief aan die Korintiërs blyk dit egter dat daar 'n oorkoepelende doel is: opbou, 'stig' van die gemeente (vgl 1 Korintiërs 8:1, 10:23, 14:4, 5, 12, 26). Alles is geoorloof, mits die gemeente daardeur gestig word. Hier sien ons hoeveel waarde aan die samekomste van God se volk geheg moet word, aan die gemeenskaps-element van die

erediens. Dit is die kerk (God se volk, die liggaam van Christus, die tempel van die Heilige Gees) wat saamkom. Dit is een van die redes waarom ek nie oortuig is dat dit wys sou wees om die gemeente in groepe of selle op te deel nie.

Vervolgens sou ek graag op die voorgrond wil plaas: ons kom nie alleen as hernude skepsels kerk toe nie, maar ook as *rentmeesters* van die skepping. Daardie skepsel wat name aan ander skepsels mog toeken, is in die erediens die verteenwoordiger van die hele skepping. Hierdie besef is van groot belang vir die erediens. Ons besef dan dat nie net ons nie, maar die hele skepping geskape is om God te prys. Ons besef ook dat nie alleen die mens nie, maar ook die hele skepping, deur die sondeval, onder God se vloek gekom het. Ons praat van 'n skepping wat in barensnood sug. Die skuldbesef waardeur die ganse skepping onderworpe is aan sinloosheid en vrugteloosheid.

... moet God Hom nie aanpas aan ons modegrille net omdat dit ons laat goed voel nie. Die kerk moet haar aanpas na die vlak waarop God geëer wil word.

So het ons dan by 'n ou liturgiese element beland: die *Kyrie eleison*. 'n Gebed van die kerk vir die nood van die wêreld. Ons vinger wys nie na Adam, wat op sy beurt Eva beskuldig het nie. Ons bely ons skuld aan die nood van die wêreld. Woestyne wat uitbrei, vrugteloosheid, omgewingsrampe, vervuiling van riviere en damme, berigte van oorloë, hongersnood, oorstromings

Ons besef hoe erg ons God se goeie skepping verniel het. Ons besef hoe afhanklik ons van God se hulp is. Daarom neem ons al die nood in die wêreld saam kerk toe. Daar roep ons '*Kyrie eleison*': Heer, ontferm U.

Ons besef dan ook dat Christus nie alleen vir ons nie, maar ook die hele skepping verlos het. Dan begin ons die dieper betekenis van Psalm 98 verstaan: 'laat die riviere in die hande klap, die berge tesame jubel voor die aangesig van die Here'.

We can never advance beyond the cross; we can never outgrow it and go on to other things

- JG Vos

Ook Psalm 148 waar die ganse skepping God moet loof. Die hele skepping word in *erediens* opgeroep om God te prys in sy werke. Ons kom by die *Gloria in excelsis*: Alles wat asem het moet God loof - en God se volk moet die skepping daarin lei. Uiteindelik moet en sal alles uitloop in 'n harmonieuse lofprysing van alles wat asem het. Die fees van die bevryding moet gevier word. Nie "ook" in die *erediens* nie, maar "juis" in die *erediens*. Ook die lofprysende gemeente is voorganger in die *erediens*. Die gemeente moet ruimte en tyd gegun word om hierdie taak as voorganger van die skepping, behoorlik te vervul. Vir hierdie lofprysing het God die *hele* skepping in bruikleen aan die mens, as rentmeester, gegee. Ons besin dan oor die vraag hoe ons as rentmeester omgaan met 'n skeppingsgawe soos die taal wat ons praat. Ons besin oor musiek in die *erediens*, en die blomme aan die voet van die kansel. Ons dink aan die werk van die kunstenaar, wat omgaan met skeppingsgawes soos verf, metaal, hout en klei, omdat God hom die gawes en talente gegee het.

'n Mens hoor dikwels die opmerking: "Maar al hierdie dinge lei ons aandag van die Woord af". Asof diegene wat in geloof om hulle heen kyk en God volkome en duidelik uit die Skrif ken, die skepping van die Skepper sou kon aflei. Die hemele vertel die eer van God, en die uitpansel verkondig die werk van Sy hande (Psalm 19:2). Wie God uit sy Woord ken, sal Hom ook wil leer ken uit die ander pragtige boek: Die skepping!

Want al die skepsels, die blomme in die kerk, die musiek deur God geskep, ja alles dui op die Skepper. Hierdie is die letters wat ons die onsigbare dinge van God duidelik laat sien, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid (Nederlandse Geloofsbelofte Art 2).

In die *erediens* moet die kerk nie die hemel op aarde probeer bring nie, want in die *erediens* staan die gemeente met hul voete op die aarde. In elke *erediens* word hoorbaar hoe die skepping sug en in barensnood is. Liturgie is nie 'n stukkie hemel op aarde nie.

Die kerk hoef nie angsvallig God se goeie en

pragtige skepping buite die kerkdeur te hou nie. Daarom moet daar geen passiwiteit of berusting wees wanneer dit kom by swak orrelspel, slegte of platvloerse taalgebruik, blomme van plastiek, wegdoenbare nagmaalkelkies en dies meer nie.

Uit die wyse waarop ons *erediens* hou, maak ons sigbaar hoe ons God sien.

Die ware ekonomie is die ekonomie wat reken vanuit die wederkoms van Christus

- JP Versteeg